Die Galpil

MAY 2008

Newsletter of the Old Boys' Union of Paarl Boys' High

The contact details of the Old Boys' Union are as follows:

Physical address: 232 Main Road, Paarl.
Snail-mail: P.O. Box 59, Paarl, 7622
Telephone: 021 872 2835

E-mail: oldboys@paarlboyshigh.org.za
Website: http://www.paarlboyshigh.org.za/oldboys

From our Chairman / Ons Voorsitter berig

Beste Old Boys

Aan die begin van die tweede kwartaal wil ons as old boys vir almal by Boys High baie geluk sê met die skitterende uitslae van die eerste kwartaal. Ons wil ook vir mnr Derek Swart geluk wens met die fantastiese gees wat daar tans by Boys High heers. Die prestasies van die seuns is altyd vir ons 'n weerspeling van die gees.

Ons bly ook trots op al die onderwysers wat soms onder moeilike omstandighede nog altyd bereid is om die ekstra myl te loop en net altyd die seuns aanspoor tot groter hoogtes. Ons weet dat die ouers geweldig baie respek het vir Boys High se onnies en daarom sê ons baie dankie.

Namens die OSU- bestuur wil ek ook baie dankie sê aan al die old boys en vriende van die skool wat ons as bestuur so fantasties bygestaan het om weereens die skool op soveel terreine te kon ondersteun. Die verskeie projekte wat ons tot dusver aangepak het is weereens 'n bewys van die old boys se lojaliteit teenoor ons skool, en ons is geweldig trots dat ons kan terugploeg aan die instansie wat gesorg het vir ons goeie opvoeding. Die skootrekenaars en projektors asook die nuwe noodhulp gebou by Brugstraat velde is maar van die projekte wat alreeds voltooi is. Groot dankie aan Kobus Uys, Sakkie Liebenberg en vele ander old boys en vriende wat die noodhulp kamer projek gedryf het dit is voorwaar 'n pragstuk !

Daar waar ons nou weer aan die vooraand van Interskole 2008 staan, wil ons alle old boys net weer herinner aan al die gebeure wat sal plaasvind. Die volledige program verskyn elders in die Galpil.

Die bestuur wil graag die tragiese geval van Glen Ward weer onder al die old boys se aandag bring. Glen was op 14 Maart in 'n ernstige motorfiets ongeluk betrokke en is tans verlam. Glen ondergaan huidiglik rehabilitasie by die Universiteit van Kaapstad en ons vra almal om hom en sy gesin te ondersteun in die moeilike tye. Die skool het 'n trustfonds vir hom gestig en enige bydraes sal waardeer word Kom Old Boys, die seun het nou jul ondersteuning baie nodig !

Op die vooraand van Interskole wil ons net weer vir almal by die skool sterkte toewens wees verseker dat die old boys julle ondersteun en dat ons baie positief is en dat ons altyd bereid is om te help waar ons kan.

Sien julle almal by Interskole 2008.

Boishaai groete
William Clift

2 *Boishaai se Skoolhoof/Our Headmaster*

3 *Skoolhoof-Klein Boishaai / Headmaster Paarl Boys Primary*
In Memoriam

4 *Algemene Jaarvergadering*
2008 Reüniegroepe

5 *2009 Reüniegroepe*
Interskole program: 2008
Interskole Golfdag

6 *So maak mens!*
Boishaai Vriendskappe

7 *Uit die anale van die skool / a Blast from the past Babsie Truter*

8 *Uit die anale.... vervolg*

9 *OSU Noordelike Voorstede*
Weskus Streek Old Boys Makietie!

10 *Skenking Oud-Studente Unie*

11 *Tommie Prins Fonds*
Galpil E-pos en adresveranderings

12 *Huldeblyk aan Mev. Truida Terblanche*
Please Note/ Let Wel

BOISHAAI SE SKOOLHOOF/ OUR HEADMASTER

Geagte lede van die Oudstudente Unie:

Laat my toe om een en elkeen van u 'n wonderlike 2008 toe te wens! May all your wishes really come true!

Ek wil ook ons opregte dank betuig vir die finansiële hulp wat die skool van tyd tot tyd van die oudstudente kry. Deel van ons hele strategie om die eise van 'n tegnologies gedrewe wêreld die hoof te bied, is om onderwysers te bemagtig om d.m.v "Powerpoint" en internetmateriaal klasse aan te bied, en ons het, hoofsaaklik deur die bemiddelling van dr. Kobus Uys, vyf skootrekenaars en projektors in die hande gekry.

Should you also want to contribute, please contact Mr William Clift, chairman of the OBU, or myself. We also need to equip an accountancy classroom with computers in order to start teaching 'Pastel" and similar programs. It might well be that some old boys are in a position to donate equipment needed for this. Indien u egter op enige wyse tot die skool kan bydra, hetsy deur geld, toerusting of met u deskundigheid, doen dit asb. Wat dit ook al is wat u te bied het (al is dit tyd) , die skool sal dit nodig hê!

Ons wil ook een en elkeen van u uitnooi om Saterdae na sport by die klubhuis 'n draai te maak! Die oudstudente se teenwoordigheid is vir ons baie werd. If you're ever in the vicinity of the school, feel free to drop by and make introductions. I'm always glad to meet you.

Enige donasie van foto's of ander memorabilia van u tyd in Hoër Jongenskool, sal baie welkom wees. Ons soek veral foto's van gebeurtenisse, (ook van dié wat dalk nie altyd so 'wettig' was nie, soos koshuiskatttekwaad, ens.) Stuur ook vir ons u stories van dinge wat snaaks of interessant was wat in u tyd gebeur het. Ons sal graag die "Boishaaistories" in boekvorm wil uitgee.

Tydens die pas afgelope St. John's toernooi het ek bv. lekker geluister na die storie van mnr.Philip Hanekom (oupa van Bauke Hanekom, die huidige eerste rugbyspan se kaptein) oor die onderwyser wat glo naby klein Boishaai gewoon het, en met sy dikwielfiets vanaf HJS teen die bult af huistoe gery het. Nadat mnr. Hanekom en sy trawante (toe almal hier by gr. 10 rond) toe een middag ghries aan die ou se briekblokkies gesmeer het, het hy glo toe heelwat vinniger by die huis gekom as normaalweg! Nodeloos om te sê, die manne kon daarna vir 'n hele tydjie nie sit nie!

Ek sien werklik daarna uit om van u te hoor. Ek sluit , vir u leesgenot, 'n gedig in wat geskryf is deur ene L. Kamfer, en op 31 Julie 1999, tydens die re-unie van die 1949-matrieks vir die eerste maal voorgelees is.

Voorspoed

Derek A. Swart

'N BALLADE VAN BOYS' HIGH

Onthou jy nog die dae?
Ek onthou! Ek onthou!
Toe ons ook hier gedra het
Die blou-en-wit-en blou?

Onthou jy nog die name?
Ek onthou! Ek onthou!
Magnus, en Melville, en Martin
En Jannie Briërs-Louw.

Onthou jy ons menere?
Ek onthou! Ek onthou!
Pauwtjie, en Koper, en Steely
And Obie - Mister "O".

En wat hul ons geleer het?
Ek vergeet! Ek vergeet!
Das Wasser, King Lear, amoebas,
En hoe om daai hoeke te meet.

Pappa was nie net 'n meester
Maar 'n draer van Boys High kultuur
"Ek ken jou neefs, jou familie,
Jou vader se foto hang hier".

Our master of music was Allie
He led us for periods long
And if you listen, - and listen, - and listen
You might still hear our song.
Inderschools - playing and singing
Some things stay the same:
Not only - "who won it or lost it -
But - how we played the game".

En nou is ons almal óú bome
Ons takke en blare maar flou
Ons wortels die dra ons met moeite
En óns kleure is grys-wit-en-grou.

MAAR - ons wás ook eens takkies
Ek onthou! Ek onthou!
En binne-in elkeen klop nog
Die Blou, - en die wit, - en die blou.

L Kamfer

SKOOLHOOF - KLEIN BOISHAAI / HEADMASTER PAARL BOYS PRIMARY

Na 'n baie suksesvolle eerste kwartaal by Klein Boishaai, kan ons met trots oor die volgende prestasies van ons seuns terugrapporteer.

Darren Papier: Verwerf die goue medalje in 200m en 'n silwer in die 100m by die by SA Kampioenskappe . Darren verwerf ook sy Bolandkleure in krieket. Hierdie is voorwaar 'n seun op wie ons baie trots is.

Lourens Kleynhans Boland Tennis 0/13 Lourens is ook lid van die Boland 0/12 gholfspan.

Duan van Schalkwyk (Graad 5) het die vakansie aan die SA Lewensredding kampioenskappe deelgeneem, waar hy 4 goue medaljes gewen het.

Jerome Korf het die goue medalje by die SA Kampioenskappe net misgeloop en is met die 2de laaste gooi net-net deur 'n seun van die Vrystaat geklop.

Reece Arendse het aan die Provinsiale Tweekamp kompetisie in Pretoria deelgeneem en is vir SA-Ontwikkelingspan gekies.

'n Verdere 20 seuns het ook provinsiale kleure verwerf.

Ons rugbyseisoen toon ook goeie belofte ons O/13A-span het die jaarlikse Eikestand-toernooi gewen - ons seuns vorder ook goed in die proewe.

Ons verneem ook met trots dat 7 van ons seuns in die huidige Raad van leerders by HJS opgeneem is.

KOSHUIS

Die huidige koshuis vir leerders aan PSS is besig om mooi te groei kontak gerus die skool indien u meer besonderhede daaroor verlang. **Die koshuis maak voorsiening vir leerders in Grade 5 7.**

Besoek gerus ons webwerf by www.paarlboysprimary.org.za om meer inligting van die skool.

Vriendelike groete

HENK ARANGIES
SKOOLHOOF
Harangies@paarlboysp.co.za

In Memoriam

It came to our attention that the following Old Boys passed away since the previous edition of the Galpil.

Eppie Marsh 1932

In 1938 se jaarblad onder die afdeling Oud Skoliere word oor Eppie Marsh die volgende berig geplaas: *"Pier House Laundry, Strand on the Green, Chiswick, London, W4, is middel November uit Paarl vertrek om 'n studie te maak van al die verskillende moderne wasserye in Engeland en op vasteland (7/6)"*

Die (7/6) wat hierbo na verwys word was die bydrae van sewe pond en ses sjielings wat Eppie Marsh aan die skool gemaak het daardie jaar.

Sarinus Fourie	1938
Danie Marais	1944
Wynand Human	1945
Kosie du Toit	1952
Johan Fourie	1960
Nico van Niekerk	1963
Tienie Terblanché	1965 (Seun van wyle Oom Tebbie en Mev T Terblanche)
Piet Viljoen	1972 (Broer van Chaka -1976 en Hans 1978)
Koos Hugo	1972
Lambré Storm	1990 (Seun van Tannie Florrie 'n vorige sekretaress by die OSU)
Rudi Barnard	2001

Wouter Hugo until 1962 in Boishaai

Asook Mev Truida Terblanche (vrou van wyle Oom Tebbie) is ook skielik in die ouderdom van 87jaar

oorlede. Mev Terblanche (vir baie old boys beter bekend as “Sexy Sarah”) het volgens ou jaarblaaie vanaf 1967 tot 1977 by Boishaai skoolgehou en sal veral onthou word vir haar spitsvondige opmerkings soos byvoorbeeld “Stop acting the perfect fool!” Mev Terblanche het ook die besonderse rekord dat sy in haar loopbaan by Boishaai in al die vakke klasgegee het aan leerders wanneer daar 'n tekort was aan personeel. Tot houtwerk!

Mev Terblanche tydens OSU Personeelfunksie - 2005.

We extend our sincerest sympathy to family and friends

ALGEMENE JAARVERGADERING

Neem asseblief kennis dat die volgende Algemene Jaarvergadering van die Oudstudente Unie sal plaasvind op **21 Augustus 2008**.

DATUM: 21 Augustus 2008

TYD: 19H00

PLEK: BOISHAAI KLUBHUIS BRUGSTRAAT PAARL

DRAG: OSU DAS (R25-00 “donasie-boete” sal gehef word vir oortreders!)

Vir spysenierings reëlings bevestig asseblief u bywoning deur die OSU-kantoor te skakel by **tel/fax 021-872 2835 tussen 09:00 en 13:00**.

ANNUAL GENERAL MEETING

Please note that the next Annual General Meeting of the Old Boys' Union will be held on **21 August 2008**.

To assist us with the catering arrangements , please confirm your attendance by phoning the OBU-office at **tel/fax 021-872 2835 from 09:00 - 13:00**.

DATE: 21 August 2008

TIME: 19H00

VENUE: BOYS' HIGH CLUBHOUSE BRUG STREET PAARL

DRESS: OBU TIE (R25-00 “donation fine” will be levied from tresspassers!)

2008 REÜNIEGROEPE

Die volgende reüniegroepe beplan reünie vir 2008 tydens die Interskole week van 28 Julie tot 2 Augustus in Boishaai se 140ste bestaansjaar!

1953	Dennis Siebrits	Sel	083 391 4532
		Faks	021 906 6754
		E-pos:	dennis@xsinet.co.za
1968	Louis Louw	Sel	082 377 7779
		E-pos:	picardi@mweb.co.za
1973	Rinus van der Sluys	Sel	082 778 0226
		E-pos:	rinus@jvds.co.za
1978	William Clift	Tel	021 863 3016 (werk)
		E-pos:	william@cliftgranite.co.za
	Johan Louw	Tel	021 862 6363 (werk)
		E-pos:	johan@jlk.co.za
1983	JS de la Bat	Sel	082 563 4565
		E-pos:	jsdelabat@gmail.com
1988	Philip du Toit	Sel	082 449 7288
		E-pos:	philip@renvest.co.za
	Conradie Burger	Sel	082 552 3975
		E-pos:	conradie@polka.co.za

	Francois v.d. Merwe	Sel 082 893 1712	
		E-pos: francois@collopaarl.co.za	
	Melchior Briers-Louw	Sel 083 261 9939	
		E-pos: pbrierslouw@worldonline.co.za	
1998	Tommy Bosch	Sel 082 871 9527	
		E-pos: tommybosch@gmail.com	
2003	Kobus Ehlers	Sel 073 188 6583	
		E-pos: kobuse@sun.ac.za	

2009 REÜNIEGROEPE

1969	Andrew Theunissen	Tel 264 61 237856	
		E-pos: bonnita@theunissenlouw.com	

Die redaksie van die Galpil doen hiermee 'n vriendelike beroep op al die organiseerders van reünies om so spoedig moontlik na die naweek van hul beplande reünie hulle berigte en reünie verslae aan die OSU-kantoor te stuur vir plasing in die Desember uitgawe van die Galpil. Foto's kan ook gestuur word, verkieslik in digitale formaat!

INTERSKOLE PROGRAM : 2008

MAANDAG 28 JULIE

STUDENTE FUNKSIE

Maties Get Together at Tollies, Stellenbosch
Contact Kobus Ehlers
Sel 073 188 6583
E-mail: kobuse@sun.ac.za

DINSDAG 29 JULIE

OSU PRESTIGE-LEDE FUNKSIE
OSU Prestige-lede funksie by die Brugstr Klubhuis om 19h00
Bel Richard Visagie 021 872 2875

WOENSDAGAAND 30 JULIE

OLD BOYS RUGBY

Oudstudente Rugby te Hoërskool Gimasium vanaf 19h00
Organiseerders: Francois van der Merwe 082 893 1712
Conradie Burger 082 552 3975
Leon van der Merwe 079 898 6555
2 Matches will be played
Beer tent will be open

THURSDAY - 31 JULY

INTERSCHOOLS GHOLF

Venue : Paarl Gholfclub [Boschenmeer]
Time : 11:00
Format : 4BBB Stableford
Contact : Old Boys' Union (Francina) - Tel 021 872 2835

KLEINBOISHAAI RUGBY

Plek : Faurestraat veld
Tyd : 12:30
0/13A : 19:00

FRIDAY 01 AUGUST

Function in schoolhall 9h00

BOISHAAI RUGBY

Venue : Paarl Gymnasium Sportgrounds, Brugstreet
Starting time : 13:45

BOISHAAI HOCKEY

Venue : Paarl Gymnasium School fields
Starting time : 13:45

GROOT BRAG

Venue : Paarl Town Hall
Time : 18h30 vir 19h00
Tickets : R135.00 -
OBU Office Tel 021 872 2835

LADIES BRAG

Venue : Strooidak Church Hall
Time : 19:00
Tickets : Mrs de Clerk Boishaai 021 872 2875

SATERDAG -- 02 AUGUSTUS

Sjampanje Ontbyt

Plek : Bossa Nova
Tyd : 09:30 11:30

Rugby

Plek : Faurestraat veld
Tyd : 12:00

Hokkie

Plek : Boishaai skool-veld
Tyd : 09:00

Krymekaar - Boishaai skoolsaal na die Rugby

SONDAG 03 AUGUSTUS

Kerkdiens by Strooidakkerk 9h30

SO MAAK MENS!

(Baie dankie Altmann)

Old Boy Altmann Allers (Klas van 1978) het tydens die St Johns Rugby-toernooi wat elke jaar in Johannesburg gehou word tydens Paasnaweek, sy huis en sy beursie wyd oopgemaak deur die hele Boishaai-toergroep (spelers, afrigters, onderwysers, ouers asook die skoolhoof Mnr Derek Swart) te onthaal met 'n lekker braai.

Altmann (agter derde van links) saam met die eerste span

BOISHAAI-VRIENDSKAPPE

(Dr Cornel Gerber)

Daar is 'n gesegde wat lui "Eenmaal 'n Boishaaier, altyd 'n Boishaaier." 'n Mens sou sekerlik hierdie gesegde van toepassing kan maak op vrienskappe wat op Boishaai gevorm is deur te sê dat sulke vriendskappe enige toets sal deurstaan en vir 'n leeftyd sal hou.

Op die foto hiernaas is 'n voorbeeld van sulke soort vriendskappe uit die Klas van 1944. Hierdie drie Old Boys ken mekaar al van 1940 af, dus 'n vriendskap van 68 jaar. Die driemanskap het ook daardie jare saam vir Boishaai se Eerste XV uitgedraf: Oom Gallie op senter, Oom Jannie op skrumskakel, terwyl Oom Skilpad as 'n losvoorspeler in die skrum gesak het.

Wat hierdie vriendskap so merkwaardig maak, is dat die manne geen moeite ontsien om elke jaar 'n plan te beraam om mekaar te siene te kry nie, en dit oor 'n afstand wat strek van Hermanus in die Kaap tot by Hanover in die Karoo. Die foto hiernaas is juis geneem op Oom Gallie se 80'ste verjaarsdag. Ander jare sal hulle probeer om mekaar by Interskole te sien. En as die hunkering na Boishaai-geselskap te groot word, word die vrouens eenvoudig in die kar gelaai en dan soek hulle mekaar op!

Boesemvrinne, op die Boishaai manier. Mag julle nog baie jare se vreugde deel.

V.l.n.r. Gallie Viljoen, Jannie Beyers en Skilpad de Villiers

UIT DIE ANNALE VAN DIE SKOOL / A BLAST FROM THE PAST BABSIE TRUTER

Nuus oor die biografiese woordeboek

Daar was aanvanklik beoog om die boek die lig te laat sien in Julie 2008 met die skool se 140ste verjaarsdag, maar die oorweldigende respons en navorsing neem langer as wat beplan is, en die publikasie sal heelwaarskynlik eers einde November verskyn. **Die Goeie nuus is dat u nog geleentheid het tot die einde van Junie om u inligting in te stuur!**

Vanaf die yskoue Antartika tot die Egipitiese woestyn is inligting ontvang. Vanuit die geldpotte in Hong Kong tot die onverkende uithoeke van die Amazone het ons seuns uit die verlede inligting en relevante nuusbrokkies ingestuur.

Waar daar struktuur en ontwikkeling was, daar het hulle die voortou geneem: Kernfisici, Weerkundiges, Medici en onder andere natuurlik die kenners beroemd vir hul wynvernuf. Maar soos akkers wyd oor die wêreld gesaai, vind ons ook die vaders, broers en seuns wat met alle beskeidenheid en sonder 'n trompetgeskal bygedra het om 'n konkrete struktuur te skep waarin hulle hul gesinne en hulself kon laat geld: die boere, bankamptenare, onderwysers en leerkragte en 'n verskeidenheid andere wat die steunpilare van ons samelewing was en is.

Die biografiese boek oor HJS is in die stadium waar bemarkers, adverteerders en persone wat bereid is om redaksioneel te help, baie welkom sal wees.

Ons beoog ook om 'n aantal boeke gratis beskikbaar te stel aan pensioenarisse wat aangedui het dat hulle dit nie kan bekostig nie, en soek borge om hierdie onkoste te dek.
U inset sal baie welkom wees.

The research has produced numerous humorous recollections and quips which will be included in the book, such as the recollections of famous sports events, sayings, amongst others of scholars and teachers.

Records and events will also be mentioned, although the focus is on the scholars and other persons who passed through these hallowed halls. Please contribute to this as we would like to ensure that it is all recorded for posterity.

Stem u saam ?

- Die meeste broers op skool was die sewe Malherbe broers in die vroeë 20's-30's van Leliefontein.

- The first Springbok from the school was Boy de Villiers (Springbok, 1906), followed by Carl “Cocky” Hahn (Springbok, 1910), Louis

Hofmeyer Louw (Springbok 1912), Boy Louw (1928) and Fanie Louw (1931).

- Die oudste Boishaaier was mnr Jan Dreyer van die Strand, wat 102 jaar oud geword het. Hy het ook die meeste kleinkinders gehad 18.

- The first *Galpil* was published in July 1954. The secretary then, Mr. Hennie Tredoux of the OSU played a major role in the publishing thereof.

- Mnr. A J (Albert) Basson (1942-1954) was die langste voorsitter van die OSU (13 jaar).

- Mr.Ronnie Myers (Central Hotel) was first life member of the OBU. The membership fee was then ten pounds. (1954).

- Daar was drie broers gelyk in Matriek: Koos, Chris en Abel wat was hul van ?

- Ons het hierdie jaar die eerste vyfde geslag op die skoolbanke gesien: Die Viljoens en die Dreyers. Aan wie anders kan u aan dink?

- Oor die afgelope dertig jaar het die skool 'n rekord aantal B.Sc.studente opgelewer. Het dit dalk te doen met die kenmerkende kwaliteite van die wetenskap onderwysers, (soos mnre George Neser, Hannes Visagie en Wentzel Coetzer) wat die seuns besiel het om hierdie moeilike loopbaanrigting te volg?. Die resultaat was dat die land (en die wêreld), voorsien is met die mees vooraanstaande ingenieurs, tegnici en medici wat diep spore getrap het. (Maar lees meer hiervan in die boek…).

- Philip Louis Fourie (Gans) (m1941) het as 'n vurige rugbyspeler vir die o19/A interskole gespeel. Hy het die berugte rekord om die eerste speler in HJS se geskiedenis te wees wat gedurende 'n interskolewedstryd van die spel ge-"rooikaart" was. Volgens toeskouers, was dit 'n onnodige afstuurdery wat nooit moes plaasgevind het nie… (Lees meer in die boek).

ALLERLEI:

? Die skool is van plan om 'n "muur van herinnering" aan te bring vir ons seuns wat ook in die grensoorlog gesneuwel het. Aan wie kan u dink wat vermeld moet word?

? Die skool is tans ook besig om 'n soortgelyke bord op te rig vir seuns wat oorlede is terwyl hulle nog op skool was. Tot dusver het ons ongeveer 12 name kan u help om dit te vervolledig.?

? Mnr. Koos Mocke van Jakhalsfontein wil graag kontak maak met mede-skoliere van die 1943 matriekjaar.Wie kan help?

? Who can tell me more of Mr. Tom Engela's "2 O'clock Club" ?

? Wat is die meeste drieë in een wedstryd gedruk? Sover het ek Frederik Rust (Manna) Botha in 1980 (o/19B) met 9 drieë in een wedstryd.

Foto geneem uit 1938 Jaarblad met onder andere die legendariese Boy Louw ook in die span

ERNSTIGE EN OPENHARTIGE BEROEP VIR SKENKINGS EN TOEPASLIKE BYDRAES

Glen Ward, 'n belowende jong sportman, eerstespan rugbyspeler, krieketspeler en matrikulant is waarskynlik vir die res van sy lewe verlam na 'n motorfietsongeluk in Maart hierdie jaar. Sy vriend en medeskolier, Kyle de Jager is ook ernstig beseer. Glen is tans in die Groote Schuur (UCT-afdeling). Daar word beraam dat sy mediese onkostes honderde duisende rande sal beloop. Daar is nie 'n mediese fonds om dit te dek nie en daarom het die skool besluit om 'n fonds te stig om te help met die onkoste.

Bydraes kan gemaak word in 'n Nedbank spaarrekening: HJS Glen Ward Fonds, rekeningnommer 2389027741 takkode 1380905.

==========

Kontakbesonderhede: Me Babsie Truter by die skool 021 872 2875;

selnommer 082 890 7371, faks 021 872 5246 of e-pos library@paarlboyshigh.org.za.

MEDIESE FASILITTEIT:

Die OSU wil ook graag vir Sakkie Liebenberg dankie sê vir sy besondere bydrae ten opsigte van die oprigting van 'n nuwe mediese fasiliteit. Hierdie ontwikkeling verseker 'n groot verbetering ten opsigte van mediese sorg aan ons sportmanne. Medi-Kliniek Paarl en Durbanville was ook ruim in hul bydrae met toerusting en ons wil graag ook vir hulle bedank.

KOBUS UYS

(Voorsitter)

Die mediese fasiliteit word op sy plek gesit agter Noorde-kant van die A-veld

OSU NOORDELIKE VOORSTEDE

JAARLIKSE GHOLFDAG:

OSU-HJS NOORDELIKE VOORSTEDE hou op 5 September 2008 'n fondsinsamelings gholfdag te Bellville baan. Kontak asseblief vir Amelia Vermeulen by 021 9762425 of e-pos kobus.uys@gmail.com vir besprekings. Pryse en borge vir die dag word benodig en dit sal waardeer word indien enige iemand van hulp kan wees.

WESKUS STREEK OLD BOYS MAKIETIE!

Nico Coetzee berig dat hulle 'n Weskus-aand beplan oor die naweek van 24 Mei 2008 met 'n seekos braai op die beplande spyskaart. (“Vleis eet jy in die Namakwaland , nie op die Weskus nie!” sê Nico).

Skakel hom gerus op 082 898 9282 vir verdere besonderhede.

SKENKING OUD-STUDENTE UNIE

Geagte Mnr Clift

Hiermee wil ek graag my opregte waardering uitspreek teenoor die Oud-studente Unie vir die ruim skenking van rekenaars en dataprojektors aan HJS. Ek is een van die bevoorregtes om aan die ontvangkant van die toerusting te staan, en ek wil graag hê dat u moet weet dat dit ‘n revolusie in my klas teweeg gaan bring. Kuns en Kultuur is ‘n fantastiese leerarea, maar kom op die huidige oomblik glad nie tot sy reg nie. Die dataprojektor gaan dit vir my moontlik maak om alle leermateriaal visueel te ondersteun, wat ‘n onontbeerlike aspek van onderrig in die kunste is. ‘n Nuwe wêreld gaan vir my leerders oopgaan, en dit wat ek so graag vir hulle wil bied, is nou moontlik. My entoesiasme vir my werk het nou ook sommer verdubbel, en my kop is vol idees. Baie dankie!

Na aanleiding van u uitnodiging aan ons om voorstelle in te dien vir items wat ons mag benodig, wil ek dus graag die volgende versoeke tot u rig:

1. Uit die aard van die leerarea gaan ek die dataprojektor en skootrekenaar dikwels gebruik om ondersteunende materiaal met klankvoorbeelde voor te hou. Die Kuns en Kultuurklas is waar die ou Boisroom voorheen was. Dit is 'n baie groot lokaal. Die klankkwaliteit van 'n skootrekenaar is nie ouditief voldoende nie. Ek benodig dus luidsprekers wat aan die rekenaar gekoppel kan word. Na ondersoek is die beste kwaliteit luidsprekers vir die Lenovo rekenaars by Incredible Connection teen R800,00/paar beskikbaar.

2. Ek ondervind 'n dringende behoefte aan blindings vir my vensters sodat ons die klas donkerder kan maak wanneer ons die truprojektor, TV en nou ook die dataprojektor gebruik. Drama vorm ook deel van ons kurrikulum, en ek wil graag my klas werklik in 'n teater kan verander wanneer ons opvoerings vir eksamen doen. Dit bring die leerders binne konteks en dra by tot 'n sinvolle leerervaring. Daar is tien vensters. Die blindings wat ek in gedagte het kan ek by Game koop teen R358,00 per blinding.

3. In aansluiting by bogenoemde wil ek graag 'n gordyn in die klas aanbring om die effek van 'n teater met 'n verhoog te versterk. Daarvoor benodig ek 'n staalpaal van 6m, twee brackets aan elke punt om dit teen die mure vas te sit en twee brackets om dit te stut iewers in die middel. Gordynmateriaal kan ongebleikte linne wees, waarvan ek 35m sal benodig wat ek teen R24,95/m by Demtex kan bekom. Wiwe Pretorius gebruik ook elke middag die klas vir haar vakwerkleerlinge (Gr 10 - Gr 12), en dit kan haar aanbieding en die leerders se ervaring in haar klasse ook tot voordeel strek.

4. Afrikamusiek word as deel van die Kuns en Kultuur kurrikulum bestudeer. Daar word van leerders verwag om self by die maak van musiek betrokke te wees, en nie net by die kennisname daarvan nie. Daarvoor word primêr djembetromme en 'n Afrika-xilofoon benodig. Ek wil graag met ses tromme minimum begin. Hierdie instrumente sal nie net deur die Kuns en Kultuurklas gebruik word nie, maar kan deur die Musiekdepartement ook aangewend word, aangesien Afrikamusiek ook van hul kurrikulum 'n deel vorm. Ons beoog ook om hierdie jaar 'n Revue aan te bied in samewerking met Girls' High. Die tema is Afrika, en die instrumente sal daar dus ook ingespan kan word.

'n Opsomming van my behoeftes (in volgorde van belangrikheid) sien daar dus as volg uit:

- luidsprekers R 800,00
- blindings R 3580,00

- gordyn R 873,25
- djembetromme R 4000,00
- Afrika-xilofoon R 2000,00

TOTAAL R11 253,25

Ek weet hierdie bedrae lyk astronomies, maar ek wil Kuns en Kultuur in HJS graag uitbou tot 'n leerarea waar leerders genotvolle leerervarings sal hê en 'n liefde en waardering vir die kunste sal ontwikkel. Ek beskou dit as imperatief om die gebalanseerde individue te help vorm wat ons graag die toekoms wil instuur.

Indien u nie hierdie jaar die volle bedrag kan dek nie, sal ek dit heeltemal begryp, en wil ek dan vra dat u die oorblywende vir 2009 in gedagte sal hou. Al my versoeke is vir bates vir die skool wat elke dag van die skooljaar gebruik sal word. Ek hoop dus dat my versoeke u gunstige oorweging sal geniet.

By voorbaat dank.

Met beste wense
CHANTAL FOURIE



In die Mei 2006 uitgawe van GALPIL het ons berig geplaas oor Tommie Prins se duik-ongeluk. Die bostaande dankbetuiging het onlangs in Die Burger berskyn.

Die fonds wat gestig is vir enigeen wat graag 'n bydrae wil maak om vir Tommie by te staan se besonderhede is soos volg:

Die Tommie Prins Fonds
E N B Bank Grabouw
Takkode 200312
Rekeningnommer 621 025 212 35

GALPIL PER E-POS EN ADRESVERANDERINGS

E-POS GALPIL:

Ons poog daarin en behaal al meer welslae om die Galpil per e-pos beskikbaar te stel op die webblad. Alhoewel ons besef dat daar talle Old Boys is wat daarvan hou om die Galpil op die tradisionele manier deur die pos te ontvang en dat veral die ouer garde dalk nie toegang het tot e-pos nie , raak dit 'n al duurder proses met stygende kostes van drukwerk en posgelde om die Galpil op die tradisionele manier te versprei.

Ons doen dus 'n beroep dat diegene wat graag hulle Galpil per e-pos wil ontvang , so spoedig moontlik dit bevestig aan die OSU Kantoor by die onderstaande e-pos adres.

ADRES VERANDERINGS!

Die OSU het tans 'n databasis van 6000 oudstudente. Tot dusvêr het ons ongeveer 2000 e-pos adresse. Ons benodig dringend en daadwerklike samewerking van alle oudstudente om dit reg te stel en wil die versoek aan almal rig om asseblief enige oudstudente met wie u in aanraking is [hetsy ingeskrewe lede of nie] se e-pos adresse aan ons te stuur na oldboys@paarlboyshigh.org.za of HJS OSU, Posbus 59, Paarl.7620

Die Boishaai-familie kan net groei as ons handevat om kontak te behou en die broederskap sterker uit te bou.

HULDEBLYK AAN MEV TRUIDA TERBLANCHE (10/05/1920 - 28/04/2008)

(Deur Mnr P Griesel)

Mev Terblanche, (eggenote van wyle Oom Tebbie jarelange hoof van Klein Boishaai) is op 28 April 2008 oorlede in die ouderdom van 79 jaar.

Sy was 'n nooi Bekker en het op 'n plaas in die Oos-Kaap grootgeword. Sy het op Stellenbosch studeer en haar bekwaam in die rigting van liggaamlike opvoeding. Sy het baie goed in sport presteer en het die Oostelike Provinsie en Boland in atletiek, hokkie en tennis verteenwoordig. Sy en OomTebbie het op 'n relatief hoë ouderdom nog tennis gespeel en die laaste sewe jaar van haar lewe in Huis Vergenoegd in die Paarl, die trappe verkies bo die hyser.

Mev Terblanche het vir bykans sestig jaar in die Paarl gewoon, feitlik haar hele lewe lank. Sy was 'n onderwyseres in murg en been en 'n baie veelsydige mens. Sy het by die meeste van die skole in die Paarl, maar veral Boishaai, onderwys gegee en alhoewel haar eerste liefde Engelse Letterkunde was, het sy feitlik alle vakke by geleentheid onderrig selfs Landbou en Houtwerk. Die feit dat sy haar telkens in 'n nuwe vakgebied moes instudeer, getuig van haar toewyding, hardwerkende persoonlikheid en haar liefde vir onderwys en kinders. Daarby was sy 'n perfeksionis, altyd waardig en korrek, netjies en die verpersoonliking van die Boishaai tradisies.

Mnr en mev Terblanche het 'n belangrike bydrae tot die samelewing in die Paarl bygedra. Hulle liefde vir mense het veral na vore gekom tydens die jare wat hulle die Paarl as burgemeesterspaar verteenwoordig het. Hierdie bykomende verpligtinge was vir Mev Terblanche net 'n plesier.

Mev Terblanceh was 'n ware gesinsmens. Geen opoffering ten opsigte van haar eggenoot en twee seuns, Otto en Tienie, was vir haar te veel nie. Oom Tebbie het haar reeds 'n aantal jare gelede ontval maar in die beging van 2008 het Tienie gesterf na 'n kort siekbed toe hy met aggressiewe breinkanker gediagnoseer was. Dit het haar finaal geknak.

Die Oudstudente Unie bring hulde aan 'n besondere mens wat ook haar merk in die Boishaai anale gemaak het. Ons wil graag ons simpatie betuig met die enigste lid van die huisgesin wat nog lewe, dr Otto Terblanche (matriek 1963) , dekaan van die Departement van Geskiedenis aan die Nelson Mandela Metropolitan University in Port Elizabeth , en sy huisgesin.

PLEASE NOTE / LET WEL

Although every effort has been made to correct spelling and grammatical errors where noted , the articles in this edition appears unchanged and in the original text as received from the various contributors.

Thank you to one and all for your contributions to this edition of ***GALPIL!***

Die bydraes in hierdie uitgawe verskyn soos ontvang van die verskillende bydraers. Slegs spelfoute wat opgelet was tydens proeflesing voor publikasie is reggestel. Ons vra om verskoning sou daar foute wees wat deurgeglip het!

Baie dankie aan 'n ieder en elk vir bydraes tot hierdie uitgawe van ***GALPIL!***